MOOIWEI BOERDERY - KHOLISA BONUS - RIGLYNE AAN BESTUURDERS – VIR 2011.

AGTERGROND

Die doel met die Kholisa Bonus – Tevredenheids Bonus – Satisfaction Bonus – is om aan alle werkers van Mooiwei Boerdery 'n maandelikse beloning vir bevredigende werk te gee. Dit moet dus ook 'n sein aan alle werknemers gee wat nie volgens die boerdery se bestuurspan se oordeel, werksbevrediging gee nie…

Bestuur sien dit dus as die geelwortel metode om personeel te motiveer om deurlopend hul bes te doen om volgens die verwagting van bestuur, hul diens te verrig… dit word bo en behalwe die vaste salaris betaal.

BONUS BEDRAG

Alle werknemers insluitend Casuals (Uitgesluit bestuurders) wat meer as 100 uur per maand werk, kry 'n bonus bedrag van R300 per maand Kholisa Bonus… Alle bestuurders wat meer as 100 uur per maand werk, kry 'n Kholisa Bonus van R1 000 per maand – en is ook onderhewig aan werksbevrediging om die volle bonus te kry.

AFTREKKINGS VAN DIE KHOLISA BONUS

All bestuurslede het die mag om bonus vir oortredings of insidente af te trek. Alle aftrekkings moet egter in die Voorvalle boek ingeskryf word en alle detail van die oortreding moet aangeteken word. Die skuldige persoon moet ook ingelig word dat hy of sy bonus verloor.

RIGLYNE VIR AFTREKKINGS

Daar word aanbeveel dat bonus vir matige oortredings in bedrae van R100 per insident afgetrek word. Ernstige oortredings regverdig aftrekkings van die volle Kholisa Bonus. Tipiese redes vir aftrekkings is as volg…

1. **Laat kom vir werk – R100**
2. **Kom werk onder die invloed van drank- Boek hom uit en – R100**
3. **Nie uitvoering van opdragte – R100**
4. **Oortredings van die klokstelsel – R100**
5. **Afwesigheid van die werk sonder om vooraf reelings te tref – R100**
6. **Bakleiery tussen werkers, aanhitsing – R100**
7. **Versuim om enige skade of vee vrektes aan te meld – R100**
8. **Groot skade aan toerusting as gevolg van nalatigheid – R300**
9. **Diefstal van enige iets – finale waarskuwing en - R300**

GEEL EN ROOI KAART STELSEL

Persone wat net van die werk wegbly, sonder om reëlings te tref of toestemming van hul afdelingshoof te kry, word GEEL kaart gewys – R100 vir die eerste oortreding. By tweede oortreding binne dieselfde maand, verbeur lid R300 en dan skop ROOI KAART in - daardie persoon mag dan vir 1 week nie kom werk nie – dus klok hy of sy dan nie tyd nie en verloor so ook daardie week se volle inkomste – en sy vrou skel hom!

JAARLIKSE MERIETE BONUS

Indien die eienaars van die boerdery meriete bonusse wil toeken, word die getal oortredings per jaar in ag geneem by die toekenning van die bonus. Elke persoon word 2 oortredings van R100 toegelaat (R300 aftrekking word as 3 oortredings beskou) - maar van die 3de oortreding, word 10% per oortreding van 100% afgetrek – iemand met 4 oortredings per jaar, sal dus slegs 80% van sy potensiële merietebonus kry.

BESTUURDERS MOET DIE BONUSSTELSEL TOEPAS OM DISSIPLINE AF TE DWING!